Hoërskool CHARLIE HOFMEYR High
✉ **49, CERES 6835**
☎ **023 312 1130**
🖷 **023 312 1131**
💻 **hoof@charlie.org.za**
Web: www.charlie.org.za
Kantoorure: 07:15 – 15:00

01.03.2021 30 Julie 2021

Gedagte vir die week

UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug na die vakansie. Ek hoop almal het lekker ontspan en is gereed vir die nuwe kwartaal.

FROM THE OFFICE

Welcome back after the holidays. I hope that everyone is well rested and ready for the new term ahead.

Rapporte

Die rapporte van die tweede kwartaal sal vroeg volgende week beskikbaar wees.

Reports

Term 2 reports will be available early next week.

Sport/Oefeninge

Daar is nog geen aanduiding of daar enigsins met sport voortgegaan sal word nie. As gevolg hiervan wil ons die geleentheid aan ons leerders bied om betrokke te raak by ontspanning/fiksheids-oefeninge wat aangebied sal word. Dis absoluut vrywillig, maar ons gevoel is dat die leerders werklik so iets nodig het. Hieronder verskyn 'n rooster en ons wil die leerders aanmoedig om betrokke te raak. Die program maak voorsiening vir 'n tydgleuf van een keer per week per graadgroep. Afhangend van hoe gewild dit is, sal ons die program daarvolgens aanpas.

Sport / Exercise

There is still no indication as to whether or not sport will continue at all. As a result, we want to give our learners the opportunity to get involved in relaxation/ fitness based exercises that will be offered. It is absolutely voluntary, but our feeling is that the learners really need something like this. We have included a timetable below and we want to encourage the learners to get involved. The programme allows a time slot of once a week for each grade group. Depending on the popularity of it, we will adjust the programme accordingly.

Covid-geval

Een van ons matrieks is die week positief getoets met die virus. Ons besef terdeë dat so iets enige persoon kan tref en dat dit verreikende gevolge vir skoolbywoning het. Ek wil vir alle leerders en ouers vra dat ons almal baie verantwoordelik sal optree. Die volgende paar weke is veral deurslaggewend vir die matrieks. Die rekord-eksamen begin oor vier weke en ‘n maand later is dit die eindeksamen wat volg. Indien iemand positief toets, moet so ‘n persoon vir 10 dae isoleer en sal hulle baie belangrike werk mis. Sou ‘n matriek nou ‘n vak in die rekord-eksamen mis, veroorsaak dit groot probleme. Die reëling met verlede jaar se matrieks was dat indien ‘n leerder ‘n vak in die eindeksamen sal mis, hulle dit eers in die hereksamen van 2022 sal kan skryf. Dit beteken dat so ‘n matriekleerder ‘n jaar later eers na ‘n tersiêre inrigting sal kan gaan. Kom ons help almal en tree verantwoordelik en ter wille van almal se veiligheid op.

Covid case

One of our Matric learners tested positive for the Covid-19 virus this week. We are well aware of the fact that something like this can happen to anybody, our concern is the consequences it has on learners’ school attendance. I’d like to make a plea to all parents and learners to act in a responsible manner. The next few weeks are crucial to the Matrics. Their record exam starts in four weeks and one month after that their final exams starts. If someone tests positive, that person must isolate for 10 days, meaning that they will miss very important work. Should a Matric miss a subject in the record exam, this will cause serious problems. The arrangement with the Matrics of last year was that if a learner misses a subject in the final examination, they will only be able to write the supplementary examination in 2022. This means that such a Matric learner will only be able to go to a tertiary institution a year later. For the sake of everyone’s safety, let us help each other and act responsibility.

<u>TERUGVOERING / FEEDBACK</u>

Wiskunde Olimpiade

Een van ons gr. 9-leerders, Jo-Marie du Toit, het op 18 Mei aan die 2de rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade deelgeneem. Die beste 100 senior- en 100 junior-leerders landwyd kwalifiseer om aan die 3de rondte deel te neem. Ons is trots op Jo-Marie wat een van hierdie leerders is. Baie geluk! Die 3de rondte is op 28 Julie geskryf.

Mathematics Olympiad

On the 18th of May one of our grade 9 learners, Jo-Marie du Toit, took part in the 2nd round of the South African Mathematic Olympiad. The best 100 senior and the best 100 junior learners nationwide qualify to participate in the 3rd round. Jo-Marie is one of these 100 learners and we are very proud of her. Congratulations! The 3rd round was written on 28 July.

ALGEMEEN/GENERAL

Finansies

Alle graad 12-ouers word daaraan herinner dat u kind se totale skoolfonds vir 2021 teen 7 September 2021 ten volle betaal moet wees om sodoende na die matriekafskeid te mag gaan.

Finances

All parents of grade 12 learners are reminded that the school fees for 2021 need to be paid up in full by 7 September 2021, in order for their child to be able to go to the Matric farewell.

Mathematics Grade 8-12

The X-factor maths textbooks, with very good additional excersises, will be on sale for R175 at the school's bookstore. Learners can pay cash at the school or parents can make a payment into the school's bank account.

Charlie Hofmeyr High School
ABSA Ceres 632005
Cheque Acc: 350 230 327
Reference: Learner's name and surname + Xfactor

Wiskunde Gr.8-12

Die X-faktor wiskundehandboek met baie goeie bykomende oefeninge is by die skool se boekestoor teen R175 te koop. Leerders kan kontant by skool betaal of ouers kan EFT na die skool se bankrekeningnommer:

Hoërskool Charlie Hofmeyr
ABSA Ceres 632005
Tjekreknr: 350 230 327
Verwysing: Leerder se naam en van + XFaktor

Mathematics extra classes

Extra classes will be held from 14:00 till 15:00 as follows:

Grade 8	Mondays
Grade 9-11	Tuesdays
Grade 12	Wednesdays

Please note that learners need to reserve a spot with their teachers!

Toetsing vir loopbane en vakkeuse

Loopbaan- en vakkeusetoetsing vind plaas op Donderdag 5 Augustus direk na skool in mnr. Aldrich van der Walt se rekenaarlokaal. Individuele terugvoersessies word daarna met leerder en ouer/s gereël. Kontak Lize Grobbelaar, selnr. 071 871 3054. E-pos: lize.careerdirect@gmail.com.

PROGRAM:

	Seuns		**Dogters**	
Graad				
8	Maandag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefening: T. Swart/ E. Wentzel*	Maandag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefening: Jacolize/Yvette*
9	Maandag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefening: J. Steyn*	Maandag 15:00 Donderdag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefeninge: C. Lowe/ V. van Heerden*
10	Maandag 15:00 Woensdag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefening: T. Swart/ E. Wentzel*	Maandag 15:00 Woensdag 15:00	*Drama S. Myburgh* *Oefening: H. Mostert, D. Conradie*
11	15:00	*Oefeninge: T. Smith*	Dinsdag 15:00	*Oefeninge C. Geldenhuys*
12	15:00	*Oefeninge: T. Smith*	Maandag 15:00	*Stap:Poele A. Nel/ M. Venter*

Tennis: Die Sun City-groep gaan voort met hul oefeninge soos met hulle gereël.
Tennis: The Sun City group proceeds with their practices as arranged.

BELANGRIKE DATUMS

KWARTAAL 3			26 Julie tot 1 Oktober
26	Julie	Ma.	SKOLE HEROPEN
9	Augustus	Ma.	Vrouedag
17		Di.	Graad 12: Gasvryheidprakties (Groep 1)
19		Do.	Graad 12: Gasvryheidprakties (Groep 2)
23		Ma.	Graad 12: Visuele Kuns Prakties
24		Di.	Graad 12: Afrikaans mondelingmoderering
31		Di.	Graad 9 vakkeuse oueraand
6	September	Ma.	Graad 12-eksamen
8		Wo.	Koshuisvergadering
13		Ma.	Graad 8-11: Toetsreeks
14		Di.	Finansiesvergadering
21		Di.	BHL-vergadering
24		Vr.	Erfenisdag
26		So.	Sun City-tennistoernooi
17		Ma.	Eksamen en toetsreeks eindig
28		Di.	Punte kontroleer
30		Do.	Matriekafskeid
1	Oktober	Vr.	Skole sluit: Rapporte per hand

IMPORTANT DATES

TERM 3			26 July till 1 October
26	July	Mo	SCHOOLS RE-OPEN
9	August	Mo	Women’s day
17		Tu	Grade 12: Hospitality Studies Practical (Group 1)
19		Th	Grade 12: Hospitality Studies Practical (Group 2)
23		Mo	Grade 12: Visual Arts Practical
24		Tu	Grade 12: Afrikaans oral moderation
31		Tu	Grade 9 subject choice parent-teacher evening
6	September	Mo	Grade 12-exams
8		We	Hostel meeting
13		Mo	Grade 8-11 Test series
14		Tu	SGB Financial meeting
21		Tu	SGB meeting
24		Fr	Heritage day
26		Su	Sun City tennis tournament
17		Mo	Exam and test series ends
28		Tu	Mark revision
30		Th	Matric farewell
1	October	Fr	Schools close: Reports by hand

Hoofborge 2021:

CORPORATE GUARANTEE; TRU-CAPE; NEXUS; RSAM MAKELAARS CERES; LAASTEDRIF AGRI (PTY) LTD; CERES FRUIT GROWERS (PTY) LTD; AECI PLANT HEALTH

Charlie-waardes

Respek Eerlikheid Verantwoordelikheid Selfdissipline Regverdigheid Uitnemendheid